



Niks wag meer vir Maandag nie

Is vandag se gewilde tegnologiese produkte en toepassings net daar om jou internetrekening op te jaag, of laat 24/7-konnektiwiteit mense werklik meer produktief werk? JANA MARAIS het gaan uitvra.

‘Toe ek ’n tafelrekenaar by die werk gehad het en ’n eenvoudige selfoon, kon soveel wag tot Maandagoggend ...’

In ’n wêreld waar werkers 24 uur per dag, 7 dae per week, 365 dae per jaar in verbinding met die kantoor kan wees en selfs Madonna haar BlackBerry bed toe vat, moet ’n mens kophou om in beheer te bly van die af-knoppe op jou selfoon / skootrekenaar / PDA.

Suveer Ramdhani, direkteur: telekommunikasiëpraktijk by Fevertree Consulting, sê sy produktiwiteitsvlakke het “ongelooflik toegeneem” sedert hy 24/7 met die kantoor in verbinding kan wees. Hy het onder meer ADSL (breëband oor ’n telefoonlyn) en draadlose internettoegang by sy huis, en

“kyk konstant vir nuwe e-posse as ek verby die studeerkamer stap”.

“Ons werk en maak besluite selfs wanneer ons op ’n Sondagmiddag roomys by McDonald’s eet. Dit voel nie soos werk nie, maar volledige sakeverwante gesprekke word gevoer op e-pos en SMS tydens oomblikke wat ons steel van ons families,” sê Ramdhani.

Pearl Majola, woordvoerder van ’n multinasionale maatskappy, sê sy is “mal verlief” op haar BlackBerry. “Ek kry hope meer gedoen. Die enigste probleem is om dit behoorlik te bestuur om ’n gesonde werk-leef-balans te handhaaf. Ek was byvoorbeeld

vandag siek, maar eintlik het ek net van die huis af gewerk,” sê sy laataand in ’n e-pos.

Nangula Kauluma-Gontes, uitvoerende bemerkingsbestuurder van Old Mutual Namibië en huidige USB MBA-student, sê haar BlackBerry maak dit moontlik om dadelik e-posse af te handel of te deleger soos sy dit ontvang, eerder as om te wag tot sy terug is op kantoor.

“Dit is ongelooflik hoeveel ‘leë’ minute daar in ’n dag is: wanneer jy wag vir vergaderings om te begin, tee- en ete-breke, die gewag in ’n ry vir ’n vlug of doeane/immigrasie, tydens die rit van die vliegtuig na die terminaal, wanneer jy saam met ’n

E-pos jy op vakansie?

Volgens ’n studie deur die internetsekeriteitsgroep Nortel en die konsultantegroep IDC wat in Mei gepubliseer is, stuur meer as 60% van werkers sake-e-posse wanneer hulle op vakansie is, 40% stuur sakeboodskappe uit die bed en meer as 30% is in verbinding met die kantoor wanneer hulle uiteet.

Nortel en IDC het 2 400 werknemers in 17 lande ondervra oor hul konnektiwiteits- en werksgewoontes. Sowat 35% van die respondente sê kommunikasietoestelle, soos selfone, skootrekenaars, persoonlike data-assistente (PDA’s), BlackBerries en MP3-spelers help hulle, terwyl 21% voel dit maak hul lewe moeiliker.

“Dit is ’n duidelike teken dat ondernemings ’n behoorlike kommunikasie-strategie in plek moet hê met ’n duidelike opleidingsprogram om werknemers te help om die inligtingstortvloed te hanteer,” lui die verslag.



Vinnig, maar relevant?

Hoewel 24/7-konnektiwiteit dit makliker maak vir bestuurders om dadelik toegang te kry tot nuwe inligting, wat hulle kan help om vinniger belangrike besluite te neem, moet die akkuraatheid, geloofwaardigheid en relevantheid van die inligting ook in ag geneem word om te bepaal of dit bydra tot beter besluitneming, sê Martin Butler, inligtingkunde-dosent by die USB.

“Nog ’n uitdaging is die feit dat konnektiwiteit die persoonlike en sakewêreld ineenstrengel soos nog nooit tevore nie. Waar die in-mandjie voorheen net werk bevat het, hou die e-posbus nou werk-, private en gemors-inhoud. Dit vereis nuwe vaardighede om met ’n vinnige oogopslag te bepaal wat noodsaaklik is en dan die nodige aksie te neem,” sê Butler.

kollega in 'n kar ry op pad na 'n vergadering," sê sy. "3G [draadlose breëband] maak dit moontlik om enige tyd van die dag my werk klaar te maak en betyds in te stuur, maak nie saak waar ek is nie. In plaas daarvan om laat te werk, kan ek huis toe gaan, aandete maak, my kinders se huiswerk nasien en hulle in die bed sit, en dit daarna doen of vier- of vyfuur in die oggend opstaan en dit dan doen," sê sy.

"Wanneer ek uitstедig is, wag daar nie honderde e-posse met my terugkeer nie. Om die waarheid te sê, ek het al vergeet om my uit-kantoor-assistent op e-pos aan te sit, maar mense besef nie eers ek is nie in Windhoek nie," sê Kauluma-Gontes.

Ramdhani sê die uitdaging lê daarin om 'n balans te vind. " 'n Mens moet die wilskrag kan uitoefen om te diskonnekteer van die sakewêreld. Vir die meeste mans wat ek ken, is werk hul sport: dis mededingend, uitdagend en soms verslawend. Dit vat daarom dissipline om die streep te trek en af te skakel terwyl jy weet jy kan die tyd spandeer aan e-posse, oproepe of internetnavorsing," sê hy.

"Toe ek 'n tafelrekenaar by die werk gehad het en 'n eenvoudige selfoon, kon soveel wag tot Maandagoggend... Nou lyk dit asof niks meer wag tot Maandag nie," sê Ramdhani.

Mark Taylor, hoof van Nashua Mobile,

sê gebruikers moet leer hoe om 24/7-konnektiwiteit te bestuur op 'n manier wat hul leefstyl en sakebehoefes pas.

"Hoewel dit waar is dat 'n mens se produktiwiteit kan afneem as jy konstant op die uitkyk is vir nuwe e-pos of op die internet rondswerf eerder as om op 'n taak te fokus, stel 24/7-konnektiwiteit mense in staat om baie meer in 'n dag gedoen te kry as wat voorheen die geval was," sê Taylor.

"Mense is waarlik vry van hul lessenaars – tegnologie laat mobiele werkers toe om gekonnekteer, produktief en samewerkend te wees wanneer hulle weg is van die kantoor," sê Taylor. □

Maak tyd vir werk en speel

Martin Butler, dosent in inligtingkunde by die USB, het die volgende raad:

- Skep 'n skeiding tussen werks- en persoonlike kommunikasie. Gebruik 'n persoonlike e-posadres vir kwessies wat nie inbreuk moet maak op werksyd nie, en lees slegs private e-posse saans en oor naweke en vakansies.
- Skeduleer tyd vir aktiwiteite wat nie voorheen geskeduleerde 'vergaderings' geveer het nie. "Ek maak in my kalender tyd vir lees, navorsing en om my wederhelfte uit te vat vir ontbyt. So maak ek seker ek spandeer aandag aan die aktiwiteite wat sekondêr mag lyk maar eintlik baie belangrik is, en dikwels uitgestel word wanneer tyd beperk is."



Martin Butler, USB



Suveer Ramdhani, a director of Telecoms Practice, Fevertree Consulting



Mark Taylor, MD Nashua Mobile

Raak produktief

Tegnologie kan 'n wonderlike hulpmiddel wees om meer in 'n dag gedoen te kry, maar as jy van nature ongeorganiseerd is, kan 24/7-konnektiwiteit jou van die wal in die sloot help.

Gebruik die eerste uur op kantoor om op die belangrikste take te fokus, en maak dan eers jou e-pos oop.

- Maak 'n lysie van take wat gedoen moet word en besluit wat uitgestel of geskrap kan word, en wat iemand anders kan hanteer. Spandeer jou tyd aan die kwessies wat prioriteit moet geniet.
- Bepaal hoeveel tyd jy vir afsonderlike projekte gaan nodig hê en maak seker jy gaan alles voor die afsnytyd kan afhandel.
- Groepeer soortgelyke take saam en draf dit dan een-vir-een van 'n kant af deur.
- Skakel gereeld jou selfoon / rekenaar af en maak tyd om jou eie batterye te herlaai.

Mors só minder tyd met e-pos

Navorsing deur die Universiteit van Loughborough in Brittanje stel die volgende voor om minder van jou eie – en jou kollegas – se tyd te mors met nie-belangrike e-posse:

- Die meeste e-pos-programme kondig nuwe e-pos aan deur 'n klein koevertjie in die hoek, 'n koevertjie plus uittreksel uit die e-pos of 'n geluid. Kies die opsie wat die minste steurend vir jou is.
- Stel verkieslik jou program so dat jy slegs elke 45 minute in kennis gestel word van nuwe e-pos.
- Stel jou program sodat die eerste drie reëls van elke boodskap in die e-posbus (inbox) wys. So kan 'n mens vinniger sien watter e-posse belangrik is, en wat in die asblik hoort.
- Beperk die gebruik van groep-e-posse so veel as moontlik, en moenie daarop reageer deur aan almal te antwoord nie. Teiken slegs die gebruikers wie dit werklik raak.
- Skryf slim onderwerpe vir e-posse wat jy uitstuur, sodat die ontvanger dadelik weet waaroor dit gaan en kan bepaal hoe belangrik dit vir hom/haar is.
- In plaas daarvan om e-posse met maatskappynuus, bv. nuwe aanstellings of vakatures, aan alle personeel te stuur, kan 'n sentrale webblad op die interne stelsel geskep word waar werkers op hul eie tyd kan gaan lees oor almal se doen en late.
- Lei personeel op om e-pos doeltreffender te gebruik. Dit sluit in die maatskappyreëls vir die stuur van e-posse, die doeltreffende gebruik van gebruikersgroepe en adresboeke, hoe om beter gestruktureerde e-posse te skryf en hoe om te bepaal watter e-posse prioriteit moet geniet.

SUMMARY

Connected – 24/7

With around the clock connectivity nothing waits for Monday any longer. Our cell phones, laptops and PDAs allow us to be more available, more productive and more mobile. However, if we don't manage this, other people's demands on our time

can spill over to our private time as connectivity intertwines our personal and work lives like never before.

The internet security group Nortel and the consulting group IDC questioned 2 400 employees in 17 countries about their connectivity tools and working habits. The survey showed that more than 60% of these employees send business-related e-mails while on holiday, 40% send business messages from bed and more than 30% are in touch with their offices while eating out. About 35% of the

respondents said mobile technology helps them, while 21% said it hampers them.

Martin Butler, lecturer in Information Systems at the USB, says people should separate work and personal communication. They should also schedule time for activities like reading, research and socialising.

The bottom line: We need new skills to manage our priorities and the flood of communication made possible by mobile technology and 24/7 connectivity.